Maandag **22 April**

**Skrifgedeelte: Levitikus 20:1-9 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Levitikus 20:7-8**

**Wees heilig, want God is heilig!**

Tussen al die volke op die aarde het God die Israeliete gekies. Die lewe van die Israeliete moes in elke opsig daarvan getuig dat hulle aan God die Here behoort. Die Israeliete het tussen 'n klomp heidense volke geleef wat afskuwelike gebruike gehad het. Die Here waarsku sy kinders om nie aan hierdie sondige praktyke deel te neem nie, maar hulle aan Hom te wy. In hierdie verse is daar spesifiek drie sondes wat uitgelig word en met die dood strafbaar was: ouers wat hulle kinders aan Molek te offer (vs 2, 3); kinders wat hulle ouers vloek (vs 9); mense wat geeste raadpleeg (vs 6).

Midde-in hierdie wette kom die duidelike opdrag wat ook vir my en jou vandag geld: *"Wy julle aan My. Wees heilig ... Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens."* In alles wat ons doen, moet ons heilig wees. Ons moet onsself reinig van elke sonde en ons aan God gee as heilige offers wat vir Hom aanneemlik is (vgl. Rom. 12:1).

Hoekom moet ons en kan ons so leef? Die Here gee self die duidelik antwoord op hierdie vraag as Hy aan die einde van vers 8 vir sy volk sê: *"Ek is die Here, Ek heilig julle aan My."*

Ons moet die Here se opdragte gehoorsaam en uitvoer omdat Hy die Here is. Uit eie krag kan ons dit egter nie doen nie, want van nature is ons dood in ons sonde en ellende. Uit genade het God ons egter aan Hom geheilig deur die bloed van Jesus Christus. Ons sondes is afgewas, ons is geheilig, ons is vrygespreek in Jesus Christus en deur die Gees van God (vgl. 1 Kor. 6:11). Wees soos God jou gemaak het in Christus Jesus!

*Sing: Skrifberyming 2-2:1, 3*

*Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)*